## Jackson Hlungwani
## Breestraat 140
**Elza Miles**

boukuns – is daar uiteenlopende afbeeldings, onder andere die ruïnes van die Anastazi Indiane in Nieu-Meksiko.

Die inligting laat lig vir jou opgaan oor Hlungwani se *Sirkel van wysheid* waarvoor jy nie maklik in die stam-houtsnywerk van Afrika voorbeelde kan kry nie. Daar is 'n ooreenkoms tussen sy figure in konsentriese bane, bestaande uit diere, plante, mense en allerlei voorwerpe (*Sirkel van wysheid*) met die Asteke se klipkalenders.

Gedagtig aan die Ierse *Dextra dei* waarin die goddelike hand prominent voorkom en die Benin-arm-en-hand-beelde besef jy dat Hlungwani se *Hande* – synde van God/Christus – raakpunte het, maar in hulle vormgewing heeltemal van voorgenoemdes verskil.

Hlungwani sê pront-uit dat God die beelde maak en nie hy nie. Daarom soek jy langs elke beeld wat in die groot saal ook die onsigbare teenbeeld. Wanneer jy na Hlungwani se handewerk kyk, hou jy sy betekenis in gedagte. Elke stuk is goddelik en die allerheiligste plekke van aanbidding met hulle toebehore word nou uit Gazankula in Breestraat, Newton herskep.

Hoekom slaan Hlungwani nie spykers deur Christus se hande nie? Die opvallendste spyker slaan hy vas op een van die groot troon-sitplekke. Hy suggereer spykers in die buiging van Christus se opgeligde bo-arms (*Gekruisigde* No 001) uit die jare sestig. Daarin en in ten minste twee ander is die spykers deur Sy voete sigbaar. Deur nie die hande vas te spyker nie beklemtoon Hlungweni die betekenis van die kruisdood en die gepaardgaande versoening. Christus se arms is opgehef (behalwe in Nos 002 en 005) in 'n oënskynlike seënwens.

Kyk jy langer, sien jy die arms stut 'n boonste drag soos 'n mens aantref in karitides. Hierdie Christus bly steeds betrokke by 'n aardse bestaan deur sy drag te dra en het hom nie in 'n hemel onttrek nie. (Synde kariatide is die vroulike beginsel ook in hom aanwesig.) Daar is geen littekens aan Sy (amper vroulike) Hand (190) nie.



HLUNGWANI se *Engel*. . . 'n boodskap van vrede.

David Rossouw, 'n vriend van Hlungwani, wys op die ooreenkoms tussen dié hand van Christus en Hlungwani s'n. Die opmerking maak jou bedag op die outobiografiese aspek in Hlungwani se kuns wat duidelik na vore kom in sy beeld: *God se been met eiers.*

Daar is 'n ooreenkoms tussen die spykerkoppe in die ledemate van die gekruisigde en die bal tussen Christus se voete (No 010). Af van die kruis skop Christus bal. Daar ontstaan 'n verband tussen die spyker deur Sy voete (Sy dood) en die bal. Deur beproewing verander die marteltuig in 'n speelding. Die bal kry 'n besondere betekenis as 'n mens voorgenoemde beeld plaas naas *God met bal* (007) en *Balspelende hoofman* (058). Die bal is 'n goddelike speelding.

Mense wat vir Hlungwani goed ken, wys op die verwantskap tussen die verswering aan sy been en die knoppe wat hy kerf in *God se been met eiers* (017). Ook in hierdie geval vind transformasie plaas. Sy eie knop van pyn verander in beloftes van lewe (eiers) wanneer hulle aan die been van God en in *Adam* (187) se hand uitslaan. (By Djenne in Nigerië is terracotta-beelde uitgegrawe oortrek met bulte en knoppe, wat na bewering verband hou met 'n siekte onder die mense.)

Hoewel 'n mens in religieuse werke dikwels die voetspoor van 'n godheid afgebeeld of uitgekerf kry (die voetspoor van Wisjnoe asook Dogon-deure en dak-stutte) is Hlugwani se weergawe van die goddelike voorbeen en voet anders. Dit is 'n samestelling van Christus se openbaring aan hom en sy eie pyn. Tydens Christus se verskyning aan hom het hy ook God se bene gesièn. Soos die Dogon die sandaalspoor van Amma in reliëf uitkerf, so vind 'n mens die hand van God aan die bokant van Hlungwani se groot trone.

Hlungwani bring 'n boodskap van vrede. Daarm kerf hy 'n geweer wat nie koeëls skiet nie, maar 'n bloemryke seksualiteit vertoon en 'n "halssnoer" besweer hy deur dit in 'n groot pot (108) te verander. So 'n houthouer kennis gelyk. Ek kon net die altare van klip en modder versoen met die sementvloer van die lokaal nie. Trouens hulle behoort nie opgevat te word as "landart" in 'n kunssaal nie. Maar hoe langer ek na Christus met sy ploegskaar-hoofbedekking en die *Padkaart vir God en Christus* kyk en wonder wanneer flits die silwer lugdraad lig, het ek besef my besware is reste van vitterigheid.

Dit is wonderlik om Jekisani Hlugwani Sagani se plek hier te beleef.

☐ **Tot 2 Desember.**
**(Die kunssaal is 'n pakruimte skuins oorkant die Mark-Teater naby die hoek van Wolhuther- en Breestraat in Newtown.)**

# 'n Woestyn wat vernietig

## Keith Alexander
## Callesens Gallerie
## Windhoek
**Lucia Burger**

KEITH ALEXANDER is lank reeds bekend as 'n skilder van die Namibiese landskap, maar hierdie is sy eerste tentoonstelling in die land van sy inspirasie.

Dit was gedurende die kunstenaar se verblyf in die Transvaalse Laeveld dat die grondslag gelê is vir sy huidige werk. Eureka, 'n spookdorp naby Barberton het as inspirasie gedien vir 'n reeks skilderye waarin hy die verlatenheid en verwerping van ontruimde geboue uitgebeeld het. Hieruit het die tema wat sentreer om die mens se stryd teen die vernietigende krag van die natuur voortgekom. So het Namibië – die vernietigende krag en die verlatenheid van die woestyn – in sy werk verskyn.

Later het Alexander in 'n reeks skilderye die stranding van 'n skip, die Eduard Bohlen, in 1909, bygevoeg tot sy oeuvre. In die rampspoedige skip, uitgewerp deur die see, verweer deur die erosie van die elemente en bedreig deur die woestyn, het Alexander veel meer beleef as bloot die fisiese aftakeling van 'n mensgemaakte voorwerp. Sy verbeelding is geprikkel en sy beelde het 'n nuwe dimensie aangeneem. Die werk is al beskryf as surrealisties, maar dra 'n element van fantasie wat verband hou met die onwerklikheid.

Uit hierdie reeks haal die kunstenaar die beelde wat nou in Windhoek te sien is. Beelde wat reeds sinoniem is met Alexander se skilderye is steeds sigbaar, maar in 'n nuwe konteks. In *Equinox* word die woestyn bewaak deur twee rotskolomme wat soos wagte die prentvlak omraam. 'n Eensame herehuis staan leeg teen die stil aandlug. Die ligte brand spookagtig en bied 'n sinistere verwelkoming – vir wie?

Die onherbergsaamheid van die woestyn is teenwoordig in *The Glass Path*. Die sanderige oneindigheid word geskend deur 'n spieëlblink pad, wat deur 'n imposante hek loop, maar nêrens heen lei nie. Hoewel die pad 'n mens uitnooi om dit te volg, is die woestyn reeds besig om in te beweeg, dun vlae sand waai oor die blink oppervlakte en 'n dorre plantjie bars daardeur – 'n verydelde hoop – maar op wat word daar gehoop?

Futiele beelde word visuele metafore vir die lot van Afrika: Koloniale simbolisme. In die landskap staan telkens die manifestasie van 'n westerse kultuur. In 'n ruwe rotsland staan twee skokkende wit hekke wat wys na 'n wit dak – die wit van die dood (*Apocalypse*), in 'n verlate ou huis sit 'n bloukop-koggelmander sy prooi en afwag, 'n niksvermoedende reisiger wat skuiling soek teen die woestyn (*Agama*), 'n dubbelverdieping staan verlate binne in die inkomende gety – 'n woning wat slegs herinner aan gunstiger tye maar geen skuiling bied nie (*Turn of the Tide*).

Die skilderye vra onbeantwoorde vrae – ook ten opsigte van die mens se lot; die verval van een bestel – die onsekerheid van wat kom. Sal die toekoms noodwendig dit wees waarna die mens streef of sal die lewenswoestyn steeds die oorhand kry en die verwagtinge erodeer en vernietig? Keith Alexander beantwoord geen een van die vrae nie, as koloniale erfgenaam van Afrika is hy deur sy beelde 'n verslaggewer van die onvermydelike.

☐ **Tot 30 November.**

24 Good Friday
24 Goeie Vrydag
27 Family Day
27 Gesinsdag

6 Founders Day
6 Stigtingsdag

4 Ascension Day
4 Hemelvaartdag
5 Workers Day
5 Werkersdag
31 Republic Day
31 Republiekdag

10 Kruger Day
10 Krugerdag





HJA 0001-0003-022

ave Chart

| JARY / JARIE | | FEBRUA / FEBRUA | | |
|---|---|---|---|---|
| SAT | | Begin. SAT | | |
| 21 | 28 | 4 | 11 | 18 |

Beeldende kuns

Kalender

17 11 89

# Hlungwani se goddelike speelding

Jackson Hlungwani
Breestraat 140
**Elza Miles**

DIE beeldhouer Jackson Hlungwani se werk is omvattend. Sy beeldvorming put uit bronne wat verder strek as sy gehuggie. Mbhokota, in Noord-Transvaal. In sy plakboek – so vertel Peter Rich in 'n essay oor Hlungwani se boukuns – is daar uiteenlopende afbeeldings, onder andere die ruïnes van die Anastazi Indiane in Nieu-Meksiko.

Die inligting laat lig vir jou opgaan oor Hlungwani se *Sirkel van wysheid* waarvoor jy nie maklik in die stam-houtsnywerk van Afrika voorbeelde kan kry nie. Daar is 'n ooreenkoms tussen sy figure in konsentriese bane, bestaande uit diere, plante, mense en allerlei voorwerpe (*Sirkel van wysheid*) met die Asteke se klipkalenders.



HLUNGWANI se *Engel*. . . 'n boodskap van vrede.

Gedagtig aan die Ierse *Dextra dei* waarin die goddelike hand prominent voorkom en die Benin-arm-en-hand-beelde besef jy dat Hlungwani se *Hande* – synde van God/Christus – raakpunte het, maar in hulle vormgewing heeltemal van voorgenoemdes verskil.

Hlungwani sê pront-uit dat God die beelde maak en nie hy nie. Daarom soek jy langs elke beeld wat in die groot saal ook die onsigbare teenbeeld. Wanneer jy na Hlungwani se handewerk kyk, hou jy sy betekenis in gedagte. Elke stuk is goddelik en die allerheiligste plekke van aanbidding met hulle toebehore word nou uit Gazankula in Breestraat, Newton herskep.

Hoekom slaan Hlungwani nie spykers deur Christus se hande nie? Die opvallendste spyker slaan hy vas op een van die groot troon-sitplekke. Hy suggereer spykers in die buiging van Christus se opgeligde bo-arms (*Gekruisigde* No 001) uit die jare sestig. Daarin en in ten minste twee ander is die spykers deur Sy voete sigbaar. Deur nie die hande vas te spyker nie beklemtoon Hlungweni die betekenis van die kruisdood en die gepaardgaande versoening. Christus se arms is opgehef (behalwe in Nos 002 en 005) in 'n oënskynlike seënwens.

Kyk jy langer, sien jy die arms stut 'n boonste drag soos 'n mens aantref in karitides. Hierdie Christus bly steeds betrokke by 'n aardse bestaan deur sy drag te dra en het hom nie in 'n hemel onttrek nie. (Synde kariatide is die vroulike beginsel ook in hom aanwesig.) Daar is geen littekens aan Sy (amper vroulike) Hand (190) nie.

David Rossouw, 'n vriend van Hlungwani, wys op die ooreenkoms tussen dié hand van Christus en Hlungwani s'n. Die opmerking maak jou bedag op die outobiografiese aspek in Hlungwani se kuns wat duidelik na vore kom in sy beeld: *God se been met eiers*.

Daar is 'n ooreenkoms tussen die spykerkoppe in die ledemate van die gekruisigde en die bal tussen Christus se voete (No 010). Af van die kruis skop Christus bal. Daar ontstaan 'n verband tussen die spyker deur Sy voete (Sy dood) en die bal. Deur beproewing verander die marteltuig in 'n speelding. Die bal kry 'n besondere betekenis as 'n mens voorgenoemde beeld plaas naas *God met bal* (007) en *Balspelende hoofman* (058). Die bal is 'n goddelike speelding.

Mense wat vir Hlungwani goed ken, wys op die verwantskap tussen die verswering aan sy been en die knoppe wat hy kerf in *God se been met eiers* (017). Ook in hierdie geval vind transformasie plaas. Sy eie knop van pyn verander in beloftes van lewe (eiers) wanneer hulle aan die been van God en in *Adam* (187) se hand uitslaan. (By Djenne in Nigerië is terracotta-beelde uitgegrawe oortrek met bulte en knoppe, wat na bewering verband hou met 'n siekte onder die mense.)

Hoewel 'n mens in religieuse werke dikwels die voetspoor van 'n godheid afgebeeld of uitgekerf kry (die voetspoor van Wisjnoe asook Dogon-deure en dak-stutte) is Hlugwani se weergawe van die goddelike voorbeen en voet anders. Dit is 'n samestelling van Christus se openbaring aan hom en sy eie pyn. Tydens Christus se verskyning aan hom het hy ook God se bene gesièn. Soos die Dogon die sandaalspoor van Amma in reliëf uitkerf, so vind 'n mens die hand van God aan die bokant van Hlungwani se groot trone.

Hlungwani bring 'n boodskap van vrede. Daarm kerf hy 'n geweer wat nie koeëls skiet nie, maar 'n bloemryke seksualiteit vertoon en 'n "halssnoer" besweer hy deur dit in 'n groot pot (108) te verander. So 'n houthouer kan vir kos of n… gebruik word.

Aanvanklik het … skuiwing van Hl… se heiligdomme n… straat vir my na… kennis gelyk. Ek … die altare van klip … der versoen met … mentvloer van die… nie. Trouens hulle … nie opgevat te w… "landart" in 'n k… nie. Maar hoe lang… Christus met sy … skaar-hoofbedekki… die *Padkaart vir* … *Christus* kyk en … wanneer flits die … lugdraad lig, het e… my besware is res… vitterigheid.

Dit is wonderlik … kisani Hlugwani Sa… plek hier te beleef.

☐ **Tot 2 Desember. (Die kunssaal is 'n pal… skuins oorkant die … Teater naby die ho… Wolhuther- en Breest… Newtown.)**

Personeel V…

# 'n Woestyn wat vernietig

Keith Alexander
Callesens Gallerie
Windhoek
**Lucia Burger**

KEITH ALEXANDER is lank reeds bekend as 'n skilder van die Namibiese landskap, maar hierdie is sy eerste tentoonstelling in die land van sy inspirasie.

Dit was gedurende die kunstenaar se verblyf in die Transvaalse Laeveld dat die grondslag gelê is vir sy huidige werk. Eureka, 'n spookdorp naby Barberton het as inspirasie gedien vir 'n reeks skilderye waarin hy die verlatenheid en verwerping van ontruimde geboue uitgebeeld het. Hieruit het die tema wat sentreer om die mens se stryd teen die vernietigende krag van die natuur voortgekom. So het Namibië – die vernietigende krag en die verlatenheid van die woestyn – in sy werk verskyn.

Later het Alexander in 'n reeks skilderye die stranding van 'n skip, die Eduard Bohlen, in 1909, bygevoeg tot sy oeuvre. In die rampspoedige skip, uitgewerp deur die see, verweer deur die erosie van die elemente en bedreig deur die woestyn, het Alexander veel meer beleef as bloot die fisiese aftakeling van 'n mensgemaakte voorwerp. Sy verbeelding is geprikkel en sy beelde het 'n nuwe dimensie aangeneem. Die werk is al beskryf as surrealisties, maar dra 'n element van fantasie wat verband hou met die onwerklikheid.

Uit hierdie reeks haal die kunstenaar die beelde wat nou in Windhoek te sien is. Beelde wat reeds sinoniem is met Alexander se skilderye is steeds sigbaar, maar in 'n nuwe konteks. In *Equinox* word die woestyn bewaak deur twee rotskolomme wat soos wagte die prentvlak omraam. 'n Eensame herehuis staan leeg teen die stil aandlu… ligte brand spookagtig en bied 'n sinistere verwelk… – vir wie?

Die onherbergsaamheid van die woestyn is teen… dig in *The Glass Path*. Die sanderige oneindigheid geskend deur 'n spieëlblink pad, wat deur 'n impo… hek loop, maar nêrens heen lei nie. Hoewel die p… mens uitnooi om dit te volg, is die woestyn reeds bes… in te beweeg, dun vlae sand waai oor die blink oppe… te en 'n dorre plantjie bars daardeur – 'n verydelde … – maar op wat word daar gehoop?

Futiele beelde word visuele metafore vir die lo… Afrika: Koloniale simbolisme. In die landskap … telkens die manifestasie van 'n westerse kultuur. … ruwe rotsland staan twee skokkende wit hekke wat … na 'n wit dak – die wit van die dood (*Apocalypse*), … verlate ou huis sit 'n bloukop-koggelmander sy pro… afwag, 'n niksvermoedende reisiger wat skuiling … teen die woestyn (*Agama*). 'n dubbelverdieping … verlate binne in die inkomende gety – 'n woning wat … herinner aan gunstiger tye maar geen skuiling bie… (*Turn of the Tide*).

Die skilderye vra onbeantwoorde vrae – ook ten o… te van die mens se lot; die verval van een bestel – … onsekerheid van wat kom. Sal die toekoms noodwe… dit wees waarna die mens streef of sal die lewenswoe… steeds die oorhand kry en die verwagtinge erodee… vernietig? Keith Alexander beantwoord geen een van … vrae nie, as koloniale erfgenaam van Afrika is hy deu… beelde 'n verslaggewer van die onvermydelike.

☐ **Tot 30 November.**

24 Good Friday
24 Goeie Vrydag
27 Family Day
27 Gesinsdag

6 Founders Day
6 Stigtingsdag

4 Ascension Day
4 Hemelvaartdag
5 Workers Day
5 Werkersdag
31 Republic Day
31 Republiekdag

10 Kruger Day
10 Krugerdag

dag